SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

SAJWV NASIONALE JAGREGISTER

HANDLEIDING VIR TAKKE

VIR BESTUUR TAKKE ALLEENLIK

1. INLEIDING EN AGTERGROND

1.1 Daar is reeds 'n geruime tyd 'n behoefte aan 'n nasionale register met jagbestemmings vir ons lede. Dit is vir die voornemende jagter belangrik om te weet dat daar een of ander vorm van "gradering" was om die jagbestemming te keur alvorens die inligting opgeneem word in die jagregister.

1.2 Die bestaande diens wat reeds aangebied word via die SAJWV se tydskrif- die SA Jagter/SA Hunter bestaan uit die volgende elemente:

1.2.1 In die tydskrif is daar elke maand 'n "Jagtersmark" met advertensies van jagbestemmings;

1.2.2 Gedurende Maart, April en Mei word dit uitgebrei met 'n addisionele gedeelte onder die vaandel van "Jaggeleenthede". Die Mei 2007 uitgawe van die SA Jagter bevat advertensies van ongeveer 240 jagbestemmings;

1.2.3 Saam met die Maart 2007 uitgawe van die tydskrif was daar weereens soos in die verlede die uiters gewilde "Jagpakkette" bylaag. Die pakkette word vir die SAJWV geborg deur jagbestemmings in ruil vir die publisiteit en blootstelling wat hulle a.g.v. die bemarking van die pakkette via die SAJWV aan sy lede kry. Na die publisering van die pakkette vra van die jagbestemmings selfs dat ons hul addisionele advertensies in die SA Jagter tydskrif verwyder, aangesien hulle a.g.v. die sukses van die advertensie in die Jagpakket bylaag vol bespreek is vir die komende jagseisoen!

1.3 Die getal jagbestemmings het die potensiaal om geweldig uit te brei tot voordeel van die Vereniging en sy lede op 'n verskeidenheid van terreine.

2. UITBREIDING VAN DIE BESTAANDE DIENS I.T.V. JAGBESTEMMINGS

2.1 Met tans 50 takke landswyd en verteenwoordig in elke provinsie in Suid Afrika is die SAJWV, die takke en lede in 'n unieke posisie om inligting oor jagbestemmings te bevestig en daardie inligting uit te ruil onder mekaar. Die hoeveelhede hierbo genoem van advertensies van jagbestemmings en jagpakette is 'n baie klein deel van die potensiaal wat nasionaal benut kan word.

2.2 Die takke van die SAJWV is elkeen 'n potensiele bron van <u>bevestigde inligting</u> oor jagbestemmings wat benut kan word aangesien die bestuur en die lede van daardie tak in die beste moontlike posisie is om 'n opinie oor die gehalte van jagbestemmings in hul onmidellikke omgewing te verskaf:

2.2.1 Van die tak se lede, is eienaars van jagbestemmings;

2.2.2 Die lede van die tak, jag self by van die jagbestemmings;

2.2.3 Die lede van die tak en die wildboere, woon en leef in die selfde gemeenskap met interaksie op 'n verskeidenheid van terreine.

Die plaaslike Jagkoördineerder (pos op takbestuur) versamel die inligting i.v.m. die plaaslike jaggeleenthede en verseker dat die standaard van jaar tot jaar dieselfde is, of verbeter die inligting op die jagregister en voeg nuwe jagbestemmings by.

Die groot voordeel van die stelsel sal wees wanneer ’n lid bv. uit Johannesburg gebruik maak van ’n jagbestemming uit die Jagregister in die Queenstown distrik (Oos Kaap streek) wat deur die Stormberg tak aanbeveel is, het hy die versekering dat die inligting verskaf en bevestig is deur ’n jagter wat lid is van die SAJWV en dat die plaaslike tak die verwysingsproses bestuur.

3. BESIGHEIDSMODEL EN DIE ROL VAN DIE TAKKE VAN DIE SAJWV

3.1 SAJWV jagregister: Die saamstel en op datum hou van ’n nasionale databasis van jagbestemmings wat deur lede en nie-lede van die SAJWV benut kan word bestaande uit die volgende vennootskap:

3.1.1 Die primêre funksie om die data op plaaslike vlak in te samel, te verwerk, op datum te hou en in te stuur vir insluiting in die nasionale jagregister is die tak se verantwoordelikheid. Die Jagkoördineerder op takvlak is die logiese persoon, wat die inligting het of moet inwin vanaf sy lede oor jagbestemmings, die detail en gehalte daarvan in sy “jagdistrik”;

3.1.2 Die inligting, tesame met die fooi wat die eienaar van die jagbestemming betaal, word vanaf takke aan Inyathi Park verskaf wat dit saamstel in ’n SAJWV Jagregister, met ’n inskakel diens vir belangstellendes om toegang tot die inligting te kry. Die inskakel diens word vanaf Inyathi Park bedryf en ’n spesiale 0860 nommer sal vir die doel beskikbaar wees.

Elke jaar moet elke jagbestemming wat weer vir die volgende jaar wil adverteer, se inligting op die databasis bevestig word deur die Jagkoördineerder, nuwe jagbestemmings word bygevoeg en tesame met die fooi vir die nuwe jaar aan Inyathi Park verskaf vir die deurlopende op datum hou van die SAJWV jagregister.

3.2 Bron van inkomste vir takke: Die Jagkoördineerder pos op takbestuursvlak kan vir ’n tak ’n bron van inkomste word:
Die Jagkoördineerder (met die hulp van lede) nader boere met jaggeleentheid in die tak se jagdistrik” met die volgende aanbod;

3.2.1 Teen ’n fooi van R990-00 per jaar betaalbaar deur die boer aan die SAJWV, adverteer die SAJWV jagregister die boer se jaggeleenthede vir een jaar d.m.v.:

a) Die inskakel diens en
b) vir die maande Maart, April en Mei kry die boer vir die jaggeleenthede advertensie in die SA Jagter tydskrif (vir voorbeeld van advertensie, sien huidige advertensies in die tydskrif van Mei 2007 vir jaggeleenthede) d.m.v. ’n doelgerigte “Jaggeleenthede” advertensie afdeling;

3.2.2 Die koste vir die jagbestemmingeienaar vir bogenoemde diens is R990-00 per jaar vir 2008. Vir 2009 sal die koste verhoog word vir nuwe adverteerders, maar jagbestemmings wat reeds in 2008 adverteer se fooi sal ook vir 2009 dieselfde wees, nl. R990-00. Die tak se deel is R450-00 vir hul eie fondse en die werk wat op takvlak gedoen word.

3.2.3 Die bestaande boere op die jagregister van die vorige jaar/jare betaal elke jaar die fooi vir sy “advertensie”. Inyathi Park en die tak verdeel weer die inkomste. Op die manier word beide die tak en Inyathi Park deurlopend vergoed vir die instandhouding van die databasis van die jagregister. Voorbeeld: wanneer ’n tak op die punt kom na 2 of 3 jaar waar sê 40 jaggeleenthede instand gehou word op die SAJWV Jagregister, verteenwoordig dit ’n jaarlikse inkomste van R18 000-00 (40 x R450-00) per jaar vir die tak.

3.2.4 Die Jagkoördineerder kan ook by sy lede (wildboere) jagpakkette beding as borgskap vir die jaarlikse jagpakkette wat saam met die Maart uitgawe elke jaar voor die jagseisoen in ’n spesiale jagpakket bylaag in die die SA Jagter op tender uitgaan – in ruil daarvoor ontvang die boer ook ’n gratis halfblad advertensie in die bylaag. Die tak kry 10% van die verkoopprys van die jagpaket.

VIR TAKBESTUUR ALLEENLIK

Op die manier word ’n dinamiese jagregister op nasionale basis op datum gehou en die plattelandse takke kry die finansiële voordeel a.g.v. hul ligging in die gebiede van Suid Afrika waar die jaggeleenthede voorkom, en ’n belangrike diens word aan Suid Afrikaanse jagters en Suid Afrikaanse wildboere verskaf.

3.3 “Jagdistrik”: Is die jaggebied in die onmiddellike omgewing van die tak en tipies ook die opvanggebied waarvandaan die tak se lede kom (wat dikwels ook wildboere is!). Dit impliseer dat die meeste stedelike takke (veral Gauteng) nie hieraan kan deelneem nie. ’n Stedelike tak kan deelneem deur inligting van ’n spesifieke jagbestemming deur die plaaslike tak te kanaliseer. Die registrasie van die jagbestemming sal egter in die plaaslike tak se naam gedoen word en die inkomste daardeur genereer gaan ook na die plaaslike tak. Die meeste van die plattelandse takke is geleë in gebiede waar jaggeleenthede wissel van aansienlik tot volop. Die “jagdistrikte” is bedoel om elke tak die voordeel van die hulpbronne in sy eie gebied te gee en om kompetisie tussen takke vir dieselfde gebied uit te skakel.

Die “plattelandse takke” het oorwegend die volgende profiel:

3.3.1 Relatief klein – 27 takke het minder as 300 lede – dus finansieel nie so sterk soos die groter takke in stedelike gebied nie – voortdurend ’n behoefte aan ander metodes van befondsing van takaktiwiteite;

3.3.2 ’n Totaal van 32 “plattelandse takke” (twee voorbeelde van stedelike takke met jagdistrikte wat kwalifiseer as “plattelandse takke” is Bloemfontein en Port Elizabeth)

3.4 Die omvang van jagbestemmings

3.4.1 **Basiese jagbestemmings**: Die aanvanklike doelwit met die jagregister is om te fokus op bekostigbare jagbestemmings vir die gemiddelde lid van die SAJWV wat in die algemeen ’n geleentheidsjagter is met ’n beperkte begroting wat een of tweekeer ’n jaar gaan jag en ’n kwalifiserende trofee is nie die hoofdoelwit nie. Die rede hiervoor is om ’n aanvanklike databasis daar te stel om in die behoefte te voorsien van ongeveer 90% van Suid Afrikaanse jagters.

3.4.2 Die duurder **Trofeë en Groot 5 jagbestemmings** sal ’n volgende fase van die jagregister uitmaak.

3.5 Terugvoer na die jag

Om beide die wildboer en die jagter die geleentheid te gee om wanpraktyke aan te meld, is die volgende terugvoer beskikbaar vir gebruik:

- “Terugvoer deur die jagbestemming” oor die optrede en gedrag van die jagter gedurende die jaggeleentheid (sien aangehegte bylae “B”)
- “Terugvoer deur die jagter” oor sy ervaring van die jagbestemming (sien aangehegte bylae “C”)

3.6 Verantwoordelikhede

3.6.1 Die SAJWV verskaf aan die wildboer blootstelling aan jagters d.m.v. die “Jaggeleenthede” van die SAJWV Jagregister en die “Jagpakkette’ bylaag tot die SA Jagter tydskrif;

3.6.2 Die SAJWV verskaf aan die jagter bogenoemde inligting oor “Jaggeleenthede” en “Jagpakkette”;

3.6.3 Die wildboer en die jagter onderhandel die volgende met mekaar:

a) Jagbespreking;
b) Bevestiging van alle detail soos bv. pryse en beskikbaarheid van wild (dit kan gedurende die jagseisoen verander)
c) Ooreenkoms of kontrak tussen die wildboer en die jagter. Die SAJWV is nie betrokke by die onderhandelinge tussen die wildboer en die jagter nie en aanvaar dus geen verantwoordelikheid nie.

BELANGRIK: Die ooreenkoms/kontrak word gesluit tussen die wildboer en die jagter.

SAHGCA SAJWV
VIR TAKBESTUUR ALLEENLIK

3.7 Proses

3.7.1 Wildboer verskaf inligting soos per aangehegte dokument via die plaaslike tak aan Inyathi Park teen 31 Oktober 2007. Dit kan nie direk na Inyathi Park gedoen word nie.

3.7.2 Elektroniese jagregister operasioneel vanaf 1 Februarie 2008;

3.7.3 "Jaggeleenthede" bylae verskyn in Maart, April en Mei 2008 uitgawes van SA Jagter tydskrif;

3.7.4 R990-00 betaling (tak verskaf ook bewys van betaling) aan die SAJWV in die volgende rekening;

Bank:	ABSA
Tak:	Pretoria Noord
Rekening no:	0144-399-00-77
Takkode:	632-005
Verwysing:	JR026-0001

Uiteensetting van Verwysing:

JR:	Jagregister
026:	Takkode
0001:	numeriese opeenvolgende toekenning (vanaf 0001) aan Jagbestemming op tak se lys

NB: Korrekte verwysing vir elke jagbestemming sal verskaf word deur die Jagkoördineerder op takvlak

3.7.5 Inligting vir "Jagpakkette" word aan Inyathi Park verskaf teen 31 Oktober 2007.

3.7.6 "Jagpakkette" bylaag verskyn saam met Maart 2008 uitgawe van SA Jagter tydskrif;

FINIS

VIR TAKBESTUUR ALLEENLIK

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7
Derdepoort

P.O. Box 1952
Montana Park, 0159

E-Mail: **lede@sahunt.co.za**
Website: **www.sahunt.co.za**

Tel: (012) 808-2145
(012) 808-2148

Fax: (012) 808-3177

5 Mei 2007

SAJWV: UITNODIGING AAN JAGBESTEMMINGS (WILDBOERE)

A. Nasionale jagregister

1. Die S A Jagters- en Wildbewaringsvereniging is besig met die samestelling en uitbreiding van ’n nasionale register met jagbestemmings vir eerstens die lede van die SAJWV en tweedens die res van Suid Afrikaanse jagters. Die doelwit met die jagregister is bekostigbare jagbestemmings vir die gemiddelde Suid Afrikaanse jagter, wat in die algemeen ’n geleentheidsjagter is met ’n beperkte begroting wat een of tweekeer ’n jaar gaan jag en ’n “trofee vir die rekords” is nie die hoofdoelwit nie, maar ook nie noodwendig uitgesluit nie. Die aanvanklike fokus van die jagregister is om in dié behoefte van die meerderheid van ons jagters te voorsien. Die duurder “Trofeë” en “Groot 5” jaggeleenthede sal ’n volgende fase van die jagregister uitmaak.

2. Met tans 50 takke landswyd en verteenwoordig in elke provinsie in Suid Afrika is die SAJWV in ’n unieke posisie om inligting oor jagbestemmings in te samel en te bevestig. Die takke van die SAJWV en hul lede is elkeen ’n bron van bevestigde inligting oor jagbestemmings in hul onmidellikke omgewing (jagdistrik). Daarom hierdié uitnodiging deur die plaaslike tak van die SAJWV om u jagbestemming te registreer vir advertensie d.m.v. die SAJWV jagregister.

3. Die volgende blootstelling (advertensie) word aan die jagbestemming gebied:

   3.1. ‘n Elektroniese jagregister word by die nasionale kantoor (Inyathi Park) op die webwerf van die SAJWV in Pretoria saamgestel en op datum gehou en die inligting is vir 12 maande van die jaar tot die beskikking van jagters op soek na jagbestemmings.
   3.2. Vir die maande Maart, April en Mei word die jagbestemming adverteer in die SA Jagter/SA Hunter tydskrif (vir voorbeeld van advertensie, sien huidige advertensies in die tydskrif van Mei 2007 vir jaggeleenthede) d.m.v. ’n doelgerigte “Jaggeleenthede” advertensie afdeling.
   3.3. Die jagbestemming word blootgestel aan die 33 000 lede van die SAJWV. ’n Totaal van 35 000 tydskrifte sal teen Junie 2008 versprei word waarvan 20 000 aan SAJWV lede en 15 000 aan die ope mark.

4. Die koste vir die jagbestemmingeienaar vir bogenoemde diens is R990-00 per jaar vir 2008. Vir 2009 sal die koste verhoog word vir nuwe adverteerders, maar jagbestemmings wat reeds in 2008 adverteer se fooi sal ook vir 2009 dieselfde wees, nl. R990-00.

B. Jagpakkette

’n Tweede bemarkingsgeleentheid vir jagbestemmings is die jaarlikse “Jagpakkette” wat saam met die Maart uitgawe elke jaar voor die jagseisoen in ’n spesiale bylaag van die SA Jagter tydskrif verskyn. Die wildboer borg ‘n jagpakket wat die SAJWV op tender uitsit. Vir die borg van die pakket ontvang die wildboer ’n halfblad advertensie in die bylaag. (vir ’n voorbeeld sien die “Jagpakket bylaag” van Maart 2007).

C. Terugvoer

Om beide die wildboer en die jagter die geleentheid te gee om terugvoer te verskaf, is die volgende beskikbaar vir gebruik:

- "Terugvoer deur die jagbestemming (wildboer)" oor die optrede en gedrag van die jagter gedurende die jaggeleentheid (sien aangehegte bylae "B")
- "Terugvoer deur die jagter" oor sy ervaring van die jagbestemming (sien aangehegte bylae "C")

D. Verantwoordelikhede

1. Die SAJWV verskaf aan die wildboer blootstelling aan jagters d.m.v. die "Jaggeleenthede" van die SAJWV Jagregister en die "Jagpakkette" bylaag tot die SA Jagter tydskrif;

2. Die SAJWV verskaf bogenoemde inligting i.v.m. die jagbestemming aan die jagter.

3. Die wildboer en die jagter onderhandel die volgende met mekaar:

   3.1. Jagbespreking;
   3.2. Bevestiging van alle detail soos bv. pryse en beskikbaarheid van wild (dit kan gedurende die jagseisoen verander)
   3.3. Ooreenkoms of kontrak tussen die wildboer en die jagter. Die SAJWV is nie betrokke by die onderhandelinge tussen die wildboer en die jagter nie en aanvaar dus geen verantwoordelikheid nie.

BELANGRIK: Die ooreenkoms/kontrak word gesluit tussen die wildboer en die jagter.

E. Proses

1. Wildboer verskaf inligting soos per aangehegte dokument **via die plaaslike tak** aan Inyathi Park teen 31 Oktober 2007. Dit kan nie direk na Inyathi Park gedoen word nie;

2. Elektroniese jagregister operasioneel vanaf 1 Februarie 2008;

3. "Jaggeleenthede" bylae verskyn in Maart, April en Mei 2008 uitgawes van SA Jagter tydskrif;

4. R990-00 betaling aan die SAJWV in die volgende rekening:
   Bank: ABSA
   Tak: Pretoria Noord
   Rekening no: 0144-399-00-77
   Takkode: 632-005
   Verwysing: JR026-0001 *(JR – Jagregister; 026 – takkode; 0001 – jagbestemming reeksnommer.)*
   NB: Korrekte verwysing verskaf deur Jagkoördineerder op takvlak

5. Inligting vir "Jagpakkette" word aan Inyathi Park verskaf teen 31 Oktober 2007.

6. "Jagpakkette" bylaag verskyn saam met Maart 2008 uitgawe van SA Jagter tydskrif;

Die SAJWV sien uit na 'n vennootskap saam met die Suid Afrikaanse wildboere en die Suid Afrikaanse jagters om die toekoms van verantwoordelike en volhoubare jag in Suid Afrika tot elke vennoot se voordeel te verseker.

André van der Merwe
Bestuurder: Takontwikkeling

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

SAJWV JAGREGISTER **Bylaag "A"**

INLIGTING VAN JAGBESTEMMING (WILDBOER)

Jagregister verw. no: JR _____ **Verskaf deur tak:** _____

NAAM: _____
ADRES: _____
_____
ID No: _____
Telefoon No: _____
Selfoon No: _____
Faks No: _____
E-pos adres: _____
Datum: _____
Plaasnaam: _____
Grootte van plaas: _____ **(hektaar)**
Vrystellings no: _____ **(indien enige)**
Naaste dorp: _____
Provinsie: _____

Jagbare spesies:

1]	Buffel	☐	11]	Blesbok	☐
2]	Eland	☐	12]	Sebra	☐
3]	Kameelperd	☐	13]	Springbok	☐
4]	Koedoe	☐	14]	Rooibok	☐
5]	Gemsbok	☐	15]	Vaalribbok	☐
6]	Blouwildebees	☐	16]	Rooiribbok	☐
7]	Swartwildebees	☐	17]	Rietbok	☐
8]	Waterbok	☐	18]	Bosbok	☐
9]	Rooihartebees	☐	19]	Vlakvark	☐
10]	Njala	☐	20]	Ander:	_____

Akkomodasie:
Luukse Akkommodasie: ☐ (**Etes & drank:** **Ingesluit** ☐ **Uitgesluit** ☐)
Tent / Boskamp: ☐ (**Etes & drank:** **Ingesluit** ☐ **Uitgesluit** ☐)
Kampeerterein: ☐
Elektrisiteit: ☐ **Gas:** ☐ **Elektrisiteit en Gas:** ☐

Standaard:
Slaggeriewe ☐
Koelkamergeriewe ☐

Ekstra's soos jagvoertuie, gidse, slagters, kuip van trofee ens.

_____
_____
_____
_____
_____

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

SAJWV JAGREGISTER **Bylaag "B"**

TERUGVOER DEUR DIE JAGBESTEMMING (WILDBOER)

Jagregister verw. no: JR _____

INLIGTING VAN DIE WILDBOER

NAAM: _____
ADRES: _____
_____
ID No: _____
Telefoon No: _____
Selfoon No: _____
Faks No: _____
E-pos adres: _____
Plaasnaam: _____
Grootte van plaas: _____ **(hektaar)**
Vrystellings no: _____ **(indien enige)**
Naaste dorp: _____
Provinsie: _____

INLIGTING VAN DIE JAGTER

NAAM: _____
ADRES: _____
_____
ID No: _____
SAJWV Lid No: _____
Telefoon No: _____
Selfoon No: _____
Faks No: _____
E-pos adres: _____
Datum van jag: _____

TERUGVOER

A. Sal u die jagter weer op u plaas toelaat? **JA** **NEE**
Indien NEE, verskaf asb. redes:

_____
_____
_____
_____
_____

B. Bydrae gemaak deur SAJWV Jagregister/ sal u dit weer gebruik?

_____
_____
_____
_____
_____

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

SAJWV JAGREGISTER **Bylaag "C"**

TERUGVOER DEUR DIE JAGTER

Jagregister verw. no: JR _____

INLIGTING VAN DIE JAGTER

NAAM: _____
ADRES: _____
_____
ID No: _____
SAJWV Lid No: _____
Telefoon No: _____
Selfoon No: _____
Faks No: _____
E-pos adres: _____
Datum van jag: _____

INLIGTING VAN DIE WILDBOER

NAAM: _____
ADRES: _____
_____
ID No: _____
Telefoon No: _____
Selfoon No: _____
Faks No: _____
E-pos adres: _____
Plaasnaam: _____
Grootte van plaas: _____ **(hektaar)**
Vrystellings no: _____ **(indien enige)**
Naaste dorp: _____
Provinsie: _____

TERUGVOER

A. Sal u weer die plaas besoek as jagbestemming? **JA** **NEE**
Indien NEE, verskaf asb. redes:

_____
_____
_____
_____
_____

B. Bydrae gemaak deur SAJWV Jagregister/ sal u dit weer gebruik?

_____
_____
_____
_____
_____

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

SAJWV Jagregister — Bylaag "E"

TAKKODES

No	Tak	Takkodes
1	Alberton	T019
2	Baviaanspoort	T008
3	Bethal	T001
4	Bloemfontein	T044
5	Bosbok	T033
6	Bothaville	T054
7	Brits	T012
8	Centurion	T018
9	Cheetah	T030
10	Diamant	T020
11	Duiker	T051
12	Edenvale	T038
13	Frontier	T041
14	Gariep	T011
15	Griekwaland-Wes	T047
16	Grysbok	T060
17	Hartbees	T023
18	Heidelberg	T006
19	Impala	T059
20	Karoo	T048
21	Kgalagadi	T026
22	Kosmos	T043
23	Kwagga	T050
24	Loskop	T013
25	Majuba	T057

No	Tak	Takkodes
26	Marico Bosveld	T014
27	Molopo	T003
28	Mopani	T032
29	Ngwenya	T037
30	Olifant	T002
31	Oos-Rand	T005
32	Overberg	T055
33	Platorand	Uitstaande
34	Pretoria Oos	T016
35	Riemland	T021
36	Soetdoring	T031
37	Springbok	T039
38	Steenbok	T028
39	Stormberg	T042
40	Swartland	T052
41	Tafelberg	T036
42	Tembo	T035
43	Thabazimbi	T017
44	Transvaal	T010
45	Umfolozi	T040
46	Vaaldriehoek	T004
47	Vaalharts	T053
48	Valschrivier	T056
49	Vrystaat Sandveld	T029
50	Waterberg	T049
51	Wesrand	T007